

## Gereformeerde Kerk Bellville – 17 Julie 2016 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 106:1, 2 (p. 523)

- 1 Geloofd sy God, die ewige HEER! / Gee aan Hom vrolik roem en eer!  
Sy goedheid ken geen pale of perke, / geen maat of tyd. Maar wie is hy  
wat uit kan spreek sy grote werke, sy lof kan uitsing na waardy?
- 2 Welsalig wie die reg betrag, / en dankbaar op Gods woorde ag.  
O HEER, wees aan my nou gedagtig / en kom my met u guns naby,  
Dat ek, u volk se heil deelagtig, / my met u erfdeel kan verbly.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 48:4, 5 (p. 245)

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk  
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,  
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning  
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.  
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,  
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.  
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –  
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:  
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Gebed

Psalm 106:4, 6 (p. 524)

- 4 Maar om sy Naam, deur hul verag, / het Hy, tot stawing van sy mag,  
die see, wat hul 'n weg wou weier, / gedreig, geslaan, gedryf, sodat  
sy vloedgolf agterwaarts moes steier, / terwyl hul gaan langs droë pad.
- 6 Gou het hul weer sy werk verag / en op sy voorsorg nie gewag.  
Toe vraatsug hul al haas verteer het, / nog erger in die hongerruur,  
het Hy gegee wat hul begeer het, / maar maerte in hul siel gestuur.

**Skriflesing:** Numeri 11:1-35; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 5

**Kernvers:** Numeri 11:33-34

**Die vleis was nog tussen hulle tande, voordat dit gekou was, toe die toorn van die HERE alreeds teen die volk ontvlam het, en die HERE het onder die volk 'n baie groot slagting teweeggebring. Daarom het hulle dié plek genoem Kibrot-Hattáawa; want daar het hulle die volk begrawe wat so begerig was.** (Numeri 11:33-34 AFR53)

**Dordtse Leerreëls**

**Hoofstuk 5, Artikel 5**

*Met sulke growwe sondes vertoorn hulle God vreeslik, verdien hulle die dood, bedroef hulle die Heilige Gees, versteur hulle die oefening in die geloof, verwond hulle die gewete baie ernstig en verloor hulle soms 'n tyd lank die besef van die genade. Dit gebeur totdat God weer die lig van sy vaderlike aangesig oor hulle laat skyn wanneer hulle deur opregte berou op die regte pad terugkeer.*

## 'n Verduideliking by artikel 5

Tot by artikel 4 merk ons drie prominente sake op in ons belydenis. Daar is die troosryke genade van God, dan is daar die uitverkorenes se eie verantwoordelikheid en in die derde plek bely ons van daardie voortdurende kanker wat nog in elke uitverkorene teenwoordig is – sy bedorwe natuur.

Ons begin ons belydenis in artikel 1 met die genade van God; Hy het die uitverkorenes van die heerskappy en slawerny van die sonde verlos. Maar in hierdie lewe het God hulle nog nie heeltemal van hulle bedorwe natuur verlos nie; dit is die stuk kwaad waarmee alle gelowiges nog rondloop.

Maar die Here se genade is oneindig groot. Hierdie bedorwe natuur is wel die oorsaak van die daaglikse sondes van swakheid wat die uitverkorenes nog doen. Tog gebruik die Here juis die oorblywende sonde om die uitverkorenes nog hefter aan Homself te bind. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees word die uitverkorenes gelei om hulle eie verantwoordelikheid te aanvaar: Hulle verootmoedig hulle voor God, hulle neem hulle toevlug tot die gekruisigde Christus en deur die Gees van gebed en met die beoefening van heilige godsversendheid maak hulle die sondige natuur hoe langer hoe meer dood. Dus verlos die Here die uitverkorenes dwarsdeur hulle lewe ook van hulle bedorwe natuur wanneer die Heilige Gees hulle in hulle verantwoordelikheid lei.

Dit is egter nie al genade wat die uitverkorenes van God in hierdie lewe ontvang nie. Saam met die kragtige werk van die Heilige Gees bekragtig Hy die uitverkorenes ook nog in die genade en bewaar Hy hulleself ook getrou tot die einde toe. Die Here weet immers dat die uitverkorenes nie in eie krag teen hulle sondige natuur en die verleidings van die wêreld en die Satan staande sal kan bly nie.

Hierdie bewaring van God is so groot dat niks die uitverkorenes ooit uit die bewarende hand van die Here kan ruk nie. Tog bewaar die Here die uitverkorenes nie op so 'n wyse dat hulle maar kan slap lê met hulle verantwoordelikheid nie. Die genade van die Here bly konstant werksaam in die uitverkorenes se lewens. Daarom moet hulle konstant hulle verantwoordelikheid handhaaf. Maar om verskeie redes gebeur dit ongelukkig dat die uitverkorenes nie aanhoudend verantwoordelik bly nie. Weens hulle eie swakheid, en baie maal weens hulle eie onverskilligheid, doen hulle dan sondes – swaar en gruwelike sondes.

Wanneer ons nou by artikel 5 kom, bely ons wat die gevolge van hierdie sondes is wat die uitverkorenes uit swakheid en onverskilligheid doen. Die gevolge teenoor God as gevolg van hierdie sondes is dat die uitverkorenes God vreeslik vertoorn en die Heilige Gees bedroef. Die uitverkorenes self dra ook ernstige gevolge; met hulle sonde verdien hulle die dood, hulle versteur die beoefening van die geloof, hulle verwond hulle gewete baie ernstig en hulle verloor soms 'n tyd lank die besef van die genade.

In Psalm 32 verwoord Dawid juis die uitwerking wat sy sondes op hom as mens gehad het. Hy het so te sê siek geword oor sy sonde. Hy was nie meer lewenskragtig nie, want die sonde en sy onwilligheid om dit te bely het hom uitgemergel.

Oor sy uitverkorenes bly God egter konstant genadig. Hierdie verskriklike gevolge van die sondes duur voort totdat God weer die lig van sy vaderlike aangesig oor die uitverkorene laat skyn omdat die Heilige Gees hom kragtig tot opregte berou en bekering gelei het.

## **Tema:** Selfs sondes van swakheid vertoorn God vreeslik

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die genade van ons troue Verbondsgod is beslis oneindig groot. Dit is groot in omvang en diepte. In omvang is sy genade oneindig groot, want ons hoor in die boek Openbaring dat daar uit elke volk, taal, stam en nasie mense in die ewige koninkryk van God sal wees wat deur Jesus Christus van hulle skuld verlos is. Dit is dus nie net een volk of een groep mense wat deur die Here begenadig word nie.

Daarom moet ons Gereformeerdes nie dieselfde fout maak as wat die Israeliete gemaak het nie. Israel was onder die indruk dat hulle die enigste volk is wat God in genade aanskou. Die Gereformeerde Kerke kan tog nie die enigste kerk van die Here wees nie. God se genade is baie meer omvangryk as wat ons ooit gedink het.

Die Here se genade is ook oneindig groot in diepte. Omdat die Here in die ewigheid besluit het om 'n sekere aantal mense uit te kies om hulle salig te maak en uiteindelik so heilig te maak dat hulle saam met Hom en sy Seun op die nuwe aarde kan lewe, sal Hy niks in sy pad laat staan om hierdie besluit uit te voer nie. Selfs nie eers die verskriklikheid van 'n mens se sondes sal die Here kan stuit om sy ewige besluit uit te voer nie.

'n Mens kan maar net kyk na die mense van wie ons in die Nuwe Testament lees. Daar is 'n paar van die dissipels wat Jesus uitgekies wat ons nie eers sou oorweeg het nie. Petrus, sou ons kon sê, is heeltemal voortvarend en toe hy nog boonop vir Jesus verloën het, sou baie sê dit is nou klaar met hom. Vir Petrus kan daar tog seker nie plek wees in God se koninkryk nie? Die een misdadiger wat saam met Jesus op daardie Vrydag gekruisig is, sou ons nie eers naastenby as 'n uitverkore kind van God beskou het nie. En vir baie mense was Paulus seker beslis nie 'n kandidaat vir die ewige lewe nie. Hy het dan soos 'n wilde ding te kere gegaan om die kerk van Jesus Christus uit te roei.

God se genade is inderdaad groot in diepte en in omvang. Maar sy genade is ook groot in langdurigheid. Wanneer God besluit het om 'n mens sy kind te maak en uiteindelik in sy ewige koninkryk in te bring, sal Hy dit beslis doen. Dawid en Petrus met hulle swaar en gruwelike sondes is juis die getuie van hierdie genade van God. Die Here sal beslis nie dat 'n sonde – maak nie saak hoe groot dit is – Hom keer om met die mens met wie Hy begin het ooit op te hou nie. Die werk waarmee God begin het in 'n mens maak Hy enduit klaar.

Oor hierdie genade van die Here kan gelowiges net dankbaar en nederig in aanbidding voor Hom neerbuig. Niemand verdien hierdie genade nie en niemand kan op hierdie genade aanspraak maak nie. Nooit mag 'n gelowige sê dat die Here maar altyd genadig sal en moet wees nie. Wie is ons om te durf sê dat genade nou maar eenmaal die eienskap van die Here is en Hy kan of mag nooit anders wees nie.

Die mens wat so redeneer, maak asof die Here in sy diens staan en nou kan hy maar lewe soos hy wil. Hy is mos daarvan oortuig dat Jesus Christus ook vir hom aan die kruis gesterf het. Daarom moet die Here hom maar net weer genadig wees en sy sonde vergewe. Die Here kan mos nie anders optree nie.

Nee, broer, suster en kind, die Here is nie in diens van gelowiges nie. Hy staan nie onder 'n verpligting om die gelowige maar net elke keer weer te vergewe nie. As Hy die gelowige vergewe, is dit net genade en nie omdat Hy dit aan die gelowige verskuldig is nie.

Dat uitverkore mense sonde kan doen, is daar by ons geen twyfel nie. Ons bely immers

dat uitverkore mense verlos is van die heerskappy van die sonde, maar in hierdie lewe nog nie heeltemal van hulle sondige natuur verlos is nie. Uit hierdie sondige natuur spruit die sondes wat hulle daagliks nog doen. In artikel 5 bely ons dan wat die gevolge van hierdie sondes is wat gelowiges nog daagliks doen.

Gewoonlik dink ons eerste aan die gevolge wat ons sondes vir onself meebring – die skande dat jy betrap is in die sonde of dat jou sonde op die lappe gekom het. Nou het mense se dunk van jou gedaal. Soms gebeur dit ook dat jy weens jou sonde jousef vir 'n sekere werk gediskwalifiseer het.

Nadat ons onself nou behoorlik bejammer het, sal ons miskien dink aan die gevolge wat ons sondes op die mense rondom ons het. Sonde is nooit goedkoop nie. 'n Gelowige wat nie wil leer om sy humeur in toom te hou nie en alewig die verskoning voorhou dat dit nou maar sy geaardheid is, sal aanhou en aanhou om soos 'n buffel met 'n seer tand die lewe vir sy gesin ondraaglik te maak. Die skade wat so 'n lewenstyl 'n gesin aandoen, is soms onberekenbaar groot. In so 'n gesin is daar gewoonlik 'n vrou wat met geestelike en emosionele letsels loop. Ter wille van die vrede in die huis het sy haarself geleer om maar eerder stil te bly. Sommige van die kinders sal ma se manier van doen aanleer. 'n Ander kind sal op 'n dag net uitbreek omdat hy dit nie meer kan uithou nie. Maar die ergste skade is wat sommige van hierdie kinders van die kerk van Christus en van die Here self begin dink. Hier is dan 'n pa wat elke Sondag ewe vroom in die erediens is, miskien selfs in die kerkraad dien, maar sy lewe in sy gesin getuig nie van 'n vaste geloof in Jesus Christus nie. Hy weier dan om hom van sy sondige aard te bekeer.

Wanneer ons in artikel 5 die gevolge van die sondes van gelowiges bely, begin ons nie by die gevolge wat mense ly nie. Ons begin by die gevolge wat gelowiges se sondes vir God inhou. ***Met sulke growwe sondes vertoorn hulle God vreeslik.***

Wanneer dit by die toorn van God oor die sondes kom, is gelowiges geneig om nie juis daarby stil te staan nie. Mense wil nie van die toorn van God hoor nie. Hulle wil eerder van die Here se genade en goedertierenheid hoor. Een van die jammerlike gevolge daarvan, naamlik om die toorn van God te verontagsaam, is dat mense soos volg redeneer: Dit is nou regtig jammer dat 'n kind van God in die sonde geval het, maar ag, hy bly darem nog 'n kind van God. Die Here vergeet sy kinders nooit nie. Al dwaal die skaap van die Here hoe ver van Hom af, die Here sal hom weer gaan opsoek. Met hierdie manier van redeneer kom 'n mens tot die ligsinnige gedagte dat die toorn van God oor die sonde nie langer as vyf minute duur nie en dan rig die Here sy gevalle kind weer op.

Geliefdes, laat ons nooit ligtelik van God se toorn oor die sonde dink nie. Ons moet aandagtig luister na wat die Here vir ons in sy Woord leer. Die sonde van sy mense maak nie allereers die hulp en bystand van God gaande nie; dit maak sy toorn gaande. Die Here is te heilig dat Hy sommer net so vinnig notisie neem van die gelowige se sonde.

In Numeri 11 leer die Heilige Gees ons onder andere wat God se toorn regtig beteken. Op die twintigste dag van die tweede maand in die tweede jaar nadat die Here sy volk uit Egipte verlos het, het die Here hulle van die berg Sinaï af verder laat trek (Num 10:11). Vir bykans 'n hele jaar het die Here sy volk by die berg Sinaï laat woon (vgl. Eks 19:1). Ons weet

hoe maklik mense gewoon kan raak aan iets. Vir elf maande het die volk net op een plek gebly. In 'n mate het dit gerieflik geword, want die lewe het 'n roetine begin kry. Elke môre was daar manna – oorgenoeg en voedsaam genoeg – sodat niemand 'n tekort gehad het aan enigiets nie.

Maar nou moet die volk verder trek. Die Here het sy volk nie verlos om maar net in die woestyn te bly nie. Hy het hulle verlos om hulle na die beloofde land te bring – die land wat oorloop van melk en heuning. Nou moes die roetine waaraan hulle gewoon geraak het verander. Daar is ander uitdagings in 'n nuwe omgewing. Daarom kan 'n mens verstaan dat dit – vanuit die mens se oogpunt gesien – sleg gegaan het met die volk. En wat doen die volk? Hulle kla voor die ore van die Here. Hulle neem die Here kwalik dat dit met hulle sleg gaan.

Die vreugde van verlos wees van die slawerny is lankal vergete. Al wat nou vir hulle saak maak is dat dit nie gemaklik is nie en hulle kla. Die Here se toorn het toe ontvlam. Die Here het Hom nie net vererg nie. Hy het nie net kwaad geword of seergemaak gevoel nie. Hy het toornig geword en 'n vuur het onder hulle gebrand en het aan die kant van die laer gewoed.

Die regverdige oordeel en straf op die volk se gekla het die volk groot laat skrik. Hulle roep tot Moses en Moses tree vir hulle in by die Here. Die Here het die vuur toe doodgemaak. Die Here is genadig teenoor sy volk, maar niemand – nie eers Israel wat deur Hom uitgekies is – sal Hom bevraagteken oor sy werkswyse met hulle nie.

Die Here se toorn het nie ontvlam omdat Hy – met respek gesê – 'n humeurige God is nie. Israel is 'n selfsugtige en eiewillige volk. Hulle moet leer om in geloofsvertroue te lewe. Die Here het immers nog elke dag getoon dat Hy hulle met groot sorg versorg. Elke oggend was die wonder daar – hulle kon manna optel om te eet. Maar nou bevraagteken hulle die wysheid van die Here. Hy het aan hulle 'n land belowe waar hulle in vrede gaan woon om die Here te dien. Hy het nie aan hulle 'n aangename reis belowe nie. Maar hulle het nog altyd die Here se nabyheid en sy sorg gehad. Hy sorg dat nie een van hulle ontbreek nie.

Die Here het skaars sy volk van hierdie plek – Tabera – af verder laat trek of daar is iets anders waaroor hulle kla. Dit is die nie-Israeliete wat begin kla het omdat hulle nie vleis het om te eet nie. En soos 'n aansteeklike siekte begin die Israeliete ook te kla:

**Wie sal vir ons vleis gee om te eet? (Numeri 11:4b AFR53)**

Israel het baie goed geweet wie vir hulle vleis kan gee om te eet – die Here. Maar hulle vra nie vir Hom nie. Hulle kla eerder. En dan gaan hulle in hulle klagte al verder. Nou word nie die Here se wysheid bevraagteken nie maar sy goeie sorg. Met groot verlange vertel hulle van al die lekker kos wat hulle in Egipte geëet het. En met groot verwyt sê hulle: Kyk net wat moet ons nou al vir meer as 'n jaar lank eet – net manna. Ons wurg al daarvan.

In werklikheid sê Israel vir die Here dat hulle slawebaas in Egipte vir hulle beter gesorg het as wat die Here dit nou doen. As gevolg van hulle begeertes dink hulle net aan die lekker kos wat hulle gehad het, so asof die lekker kos die swaarkry van slawewerk beter gemaak het.

Die Here laat Hom nie met die Bose vergelyk nie. Hy laat ook nie toe dat sy werk verkleineer word nie. Hy sal nie toelaat dat die Bose weer sy mense wat Hy verlos het in die hande kry nie. Hy is 'n jalouse God. Sy eiendom is syne en Hy sal hulle behou selfs al moet Hy hulle op 'n harde manier leer om Hom te vertrou en te glo.

Daarom het die Here aan hulle vleis gegee – nie om te geniet nie maar om van siek te word. Die Here se toorn het teen sy volk ontvlam. Hulle het die vleis nog net in die mond gehad toe die plaag van die Here af die volk getref het. Hy het baie van hulle omgebring. Dit was so erg dat die plek 'n skandenaam gekry het – Kibrot-Hattáawa – grafte van die

gulsigheid.

Die toorn van die Here oor die sonde is nie iets waaroor 'n mens ligtelik kan praat nie. Dit is nie iets wat 'n mens sommer maar kan ignoreer nie. As ons maar net dink aan die verskriklike lyding wat Jesus Christus aan die kruis moes dra, dan sal ons beseft dat die toorn van God nie iets is wat 'n mens durf ignoreer nie. Afgesien van die onvergelykbare liggaamlike lyding wat Jesus aan die kruis verduur het, is daar die lyding wat Hy vir 'n volle drie ure gedra het toe God Hom geheel en al verlaat het. In daardie drie ure van uiterste lyding – wat nie eers in mensewoorde beskryf kan word nie – het Jesus die volle toorn van God oor die sondes van die hele menslike geslag gedra. In daardie drie ure was daar geen genade vir Hom nie, sodat Hy dit skreeuend moes uitroep:

**My God, my God, waarom het U My verlaat?** (Matteus 27:46b AFR53)

Geliefdes, die toorn van die Here is nie speletjies nie. Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val (Heb 10:31). Mag die Heilige Gees ons altyd herinner aan die verskriklikheid van God se toorn. Hy doen dit ook elke keer wanneer ons nagmaal vier. Voordat ons aan die tafel kan gaan sit, moet ons onthou watter verskriklike lyding ons Verlosser moes ly onder die toorn van God.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 5-1:4, 6 (6:4, 6)

- 4 Middagklare son word duister; / deur die duister noodgeskrei:  
"O my God, my God en Helper, / waarom tog verlaat U My?"  
Jesus sink, ná sware stryd / in dié dubb'le donkerheid.
- 6 Toe die offerwerk verby was, / na Gods hoë ordening,  
het die Heer, sy daad deurgrondend, / uitgeroep: "Dit is volbring!"  
En, die hoof omlaag gebuig, / het Hy sterwend dit betuig.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
17 Julie 2016